Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.



Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 7 Desember 1949 Prys 3d. No. 5

POLISIE SOU BANG GEWEES HET VIR SJINESE VRYMESSELAAR

Voor die kommissie wat ondersoek instel na beweerde onreëlmatighede in die polisiediens in Johannesburg in verband met die Buchnersaak en 'n dranksaak waarby 'n Sjinees met die naam Chan Bow Ching, wat tans 'n vonnis in die tronk uitdien, betrokke was, is verlede week deur 'n getuie, luit. L. J. Duncker, gesê dat hy ondersoek ingestel het na Chan se bedrywighede en vasgestel het dat hy op groot skaal onwettige drankhandel dryf. Toe hy dit aan 'n hoër offisier, kol. Reay, meegedeel het, het laasgenoemde aan hom gesê:

„Duncker, ek moet jou waarsku om . . . versigtig te wees. Hy is groot meester van 'n losie en het 'n baie groot invloed by die hoofkwartier."

In die loop van die getuienis het speurders vertel dat daar 'n algemene opvatting in Marshallplein geheers het dat mens jou oë vir Chan se bedrywighede moes sluit of so nie staan jy in gevaar om verplaas of oorgeplaas te word na 'n ander vertakking van die polisiediens.

'n Ander getuie, P. Goosen, lisensiehouer van 'n drankwinkel, het verklaar dat Chan groot hoeveelhede drank by hom gekoop het en teenoor hom gepraat het van 'n „broer" wat hy in die polisiemag het. **Op die vraag wie sy broer is, het Chan aan hom 'n ring getoon met die Vrymesselaarsteken daarop, en hy het aangeneem dat dit 'n „broer" in die vereniging van Vrymesselaars is.** By een geleentheid het Chan 'n rol vyfpondnote in 'n koevert gesteek en gesê dat dit 'n kersgeskenk is vir sy „broer", met wie hy oor die telefoon 'n afspraak gemaak het.

Die naam van hierdie „broer" is deur die getuie op 'n stukkie papier geskryf en dit is ingedien as bewysstuk.

SUID-AFRIKA MOET VAN STERLING LOS KOM

Die neiging van die Engelse pond om op die wêreldmark te daal behoort 'n aansporing te wees vir Suid-Afrika om die Suid-Afrikaanse pond los te maak van sterling. So 'n loskoppeling van sterling sal nie net die geldelike posisie van Suid-Afrika verbeter nie, maar sal ook die weg voorberei vir 'n republiek, omdat geldelike onafhanklikheid staatkundige vryheid moet voorafgaan, verklaar 'n finansiële medewerker van Die O.B. in onderstaande artikel.

Die gevaar daaraan verbonde omons sterlingbalanse te hoog te laat ophoop word ook beklemtoon. Suid-Afrika mag uiteindelik begerig wees om beter en goedkoper kapitaalgoedere elders in die wêreld te koop, en dan sal sy sterlingbalanse hom niks baat nie.

Elke week styg die Unie se sterlingbalanse. Volgens die jongste staat van die Reserwebank het dit byna £40 miljoen bedra. Hierdie bedrag sal nog verhoog word met £10 miljoen uit die jongste regeringslening. Die Unie sal dus binnekort minstens £50 miljoen aan sterlingbalanse hê.

Hierdie groot sterlingbalanse hou vir Suid-Afrika groot gevare in en dit is my mening dat die Unie as 'n saak van beleid sy sterlingbalanse so laag as moontlik moet maak. Hiervoor is daar veral drie redes wat ek wil noem.

Devaluasie beteken, so te sê, seker hoër pryse en indien ons nou geld opgaar om later te kan koop **beteken dit dat ons die goed op 'n duurder tyd koop en dat ons minder goed vir dieselfde geld kry.**

ENGELSE POND DAAL

Die tweede rede is dat daar grond is om ernstig te twyfel aan Brittanje se vermoë om selfs die huidige peil van sterling te handhaaf. Die pond staan reeds op 'n taamlike diskonto op die vrye markte. Mense wat ponde vir goud of dollars wil kry, sal dit verkieslik op die vry markte koop. In Engeland self word besef dat selfs die huidige peil op die duur alleen gehandhaaf kan word mits inflasie daar onder knie gebring word en daar drastiese inkortings van staatsuitgawes plaasvind. Meeste van die maatreëls sal aanvanklik noodwendig politiek onpopulêr wees en dis waarskynlik dat die Engelse net soos in 1947 sal hoop op een of ander wonderwerk.

Deur Ons Finansiële Medewerker

Die wonderwerk destyds was Marshall-hulp. **Dit is egter hoogs twyfelagtig dat daar weer 'n wonderwerk sal kom.** As Engeland met die steun van Marshall-hulp slegs met moeite sy betalingsbalans kan laat klop, wat sal sy kans wees as Marshall-hulp oor is?

GROOT VERLIES

As die pond nie sy huidige peil kan hou nie, sal hy weer gedevalueer word. **As ons dan groot balanse het van Britse geld gaan ons outomaties 'n groot verlies ly as die Britse pond gedevalueer word.**

Derdens, hou die groot sterlingbalanse die risiko in dat ons miskien nie altyd 'n nadelige saldo met Engeland sal hê nie. **Ons mag bv. op groot skaal elders wil koop. Indien Duitse masjinerie goedkoper en beter is, sou Suid-Afrika liewers daar wil koop. Ons groot sterlingbalanse sou ons dan nie baat nie en ons sou tot 'n groot mate teen wil en dank in Engeland moet koop.**

HOU DIT KLEIN

As 'n saak van beleid behoort ons regering sy sterlinginvoerkwotas so toe te staan dat die sterlingbalanse altyd klein bly. Dit sal noodwendig beteken dat ons groter goudbalanse daarop moet nahou omdat ons dan uit goud terugbetalings van vlugkapitaal sal moet maak.

Indien die sterlingbalanse te groot begin word, sou dit verkeerd wees om direk beperkings op die oorplaas van sterling na Suid-Afrika te plaas. Dit sou beter wees om van die Britse regering te verwag om die tekort aan te vul in goud of dollars. Indien die Britse regering dit nie kan doen nie, sal hy self beperkings plaas op die oorplasing van Britse geld na Suid-Afrika.

S.A. POND SAL STYG

Dit sal dadelik die Suid-Afrikaanse pond in aansien laat styg. Ons geldeenheid sou 'n harde eenheid word. Die beswaar mag nou geopper word dat ons die kapitaal uit Engeland nodig het. Ons het egter die kapitaal self nie nodig nie. **Britse geld is vir niks werd behalwe dat ons daarmee Britse goedere kan koop nie. Wat ons nodig het is nie Britse kapitaal nie maar Britse kapitaalgoedere.**

Indien die sterlingbalanse neig om sonder invoerbeheer steeds te groei, is dit 'n teken dat ons al ons behoeftes (vir die tydelike, ten minste) aan Britse goedere het. Ons mag later behoeftes weer kry en die Britte mag weier om die vorige beperkings op kapitaalbewegings op te hef. **Ek voel egter oortuig dat as ons geldeenheid eenmaal 'n harde eenheid geword het, daar so 'n wêreldwye toename van vertroue in Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse pond sal wees dat ons ons kapitaalbehoeftes sal kan aanvul uit ander bronne, veral uit die Verenigde**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

State. In elk geval het sir Stafford Cripps gesê dat Brittanje alleen in uitsonderlike gevalle geld vir buitelandse belegging sal hê. **Beperkings op kapitaalbelegging in Suid-Afrika is dus in elk geval te wagte.**

GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings is dus:

- Dat Suid-Afrika sy sterlingbalanse laag moet hou deur vryer toekenning van sterling invoerkwotas.
- Uiteindelik mag ons dalk te veel sterlingbalanse hê en dan sal van Engeland verwag moet word om die tekort met goud aan te vul.
- **So 'n tyd moet verwelkom word want dan sal die Suid-Afrikaanse pond die boeie wat hom aan sterling bind kan afkap. Vir 'n republiekein sal dit 'n goeie dag wees, want finansiële onafhanklikheid is 'n eerste en noodsaaklike stap wat algehele onafhanklikheid moet voorafgaan.**

PARTYE BUIT NOOD VAN VOLK UIT

Vereis Partylose Ideaal

Dr. F. D. du Toit van Zyl, Gebiedsleier van Wes-Kaapland, het Maandagaand in die Collingwood-saal, Observatory, die mening uitgespreek dat, ten spyte van andersluidende uitlatings en aankondigings, die A.P. en die H.N.P. tog tot 'n vergelyk sal kom oor voorgenome kleurwetgewing—wat 'n breuk tussen die twee partye vroeg in die nuwe jaar sal verhoed. Dr. Van Zyl het gepraat by geleentheid van 'n uiters geslaagde en gesellige sluitingsfunksie wat deur die Observatory-kommando gereël was vir die omliggende kommandos. Komdt. Heyens het die verrigtinge op bekwame en welsprekende wyse gelei.



Dr. F. D. du T. van Zyl.

Dr. Van Zyl het gesê dat die ongelukkige diskriminasie-beleid van die H.N.P. teenoor lede van die O.B. en selfs teenoor lede van die A.P. wat aan die O.B. behoort, die vernaamste en die brandendste vraagstuk is tussen nasionaalgesindes wat in die komende jaar besleg moet word. Daarvoor sal die O.B. hom onvermoeid beywer.

MUSIEK EN BLOMME

Die Collingwood-saal was pragtig versier met groot ruikers kleurige blomme en die verrigtinge is opgewek aangevang met die sing van Afrikaners Landgenote, waarna komdt. Heyens die aanwesiges hartlik welkom geheet het. Die geselligheid is verhoog deur die aantal musieknommers wat groot byval gevind het. Nommers is gelewer deur die broers Fourie (ghitaar en klavier); mev. Mackie (sang); mev. Botha (klavier); en mnr. Hugo Voigt (sang).

Die vroue offisiere van die deelnemende kommando's het heerlike geregte voorberei en die aanwesiges getrakteer op koffie, tee, koeldranke, koek, tertjies, toebroodjies en ander lekkernye.

(Vervolg op bladsy 2 kolom 2)

EMPIRE NOU IN S.A. SE BELANG

„Suid-Afrika is 'n soewereine staat wat, OMDAT HY DIT IN SY BELANG AG, vrywillig met die Verenigde Koninkryk en die Statebond geassosieer is," verklaar Die Burger in 'n hoofartikel eergister.

Hierdie uitlating toon hoe ver daar „gevorder" is deur die H.N.P. op die Empire-pad sedert die dae toe die party lidmaatskap van die Britse Statebond nie in belang van Suid-Afrika geag het nie.

Op 12 Januarie 1942 het dr. D. F. Malan 'n mosie ingedien in die parlement wat hy as volg aangehef het:

„Met die oog op die ernstige krisis . . . verklaar die Raad: Dat ons HOOGSTE VOLKSBELANG alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek, afgeskei van die BRITSE KROON EN RYK, en vry en onafhanklik van enige ander buitelandse mag."

En Die Burger, wat nou praat van „Suid-Afrika se belang" binne die Britse Statebond, het toe, op 13 Januarie, geskryf:

„Reeds voor die oorlog, soos blyk uit die opname in 1935 van die republikeinse doelstelling in die Nasionale Party se gram van Beginsels, het die grootste deel van die nasionaalvoelendes besef dat die bande met Engeland en sy Ryk, in die woorde van dr. Malan, die bevordering en praktiese uitlewing van ons eie nasieskap in die pad staan; dat dit die grondoorsaak is van wrywing en van onophoudelike bittere verdeeldheid tussen Afrikaners; dat dit die oplossing van ons grootste en dringendste vraagstukke belemmer en dat dit ons keer op keer met groot opofferings in Brittanje se oorloë beland."

Nou moet die volk weer hoor dat „Suid-Afrika dit in sy belang ag om binne die Ryk te bly.

Maar dit moet tog duidelik wees dat òf hierdie nuwe standpunt van Die Burger is verkeerd en sy ou standpunt reg, òf die Empire-mense wat nog altyd volgehou het dat dit in Suid-Afrika se belang is om die Britse konneksie te handhaaf, was reg en is nou nog reg.

Republikeine sal moet wakkerloop. Daar word op heel bedekte wyse klein dosisse antirepublikanisme deur mense wat hulle vertrou ingespuit omdat dit die beleid van sekere politici pas om republikanisme te laat sterwe.

WIL DEUR TOEMAAK VIR AFRIKANERS

„Dit is algemeen bekend dat die regering in Noord-Rhodesië baie besorgd voel oor die groot aantal Afrikaanse immigrante wat die land instroom, daar hierdie immigrasie ten sterkste deur die naturelle afgekeur word," skryf die Noord-Rhodesiese korrespondent van die Bulawayo Chronicle na aanleiding van die opknapping van die immigrasiewette in die kolonie, volgens berig in Die Volksgenoot.

Volgens die korrespondent word die nuwe wet voorberei om nedersetters uit die Unie te beperk. Nuwe nedersetters moet 'n sertifikaat toon dat hulle oor voldoende kapitaal beskik en toestemming gekry het om grond te koop. Kragtens die wetsontwerp word die reg voorbehou om „enige persoon toegang tot die land te weier wie se teenwoordigheid tot die nadeel van die bevolking mag wees."

Indien die korrespondent se inligting juis is, is dit strydig met die verklaarde beleid van mnr. Roy Welensky en ander verkose lede van die Wetgewende Raad, wat begerig is dat die blanke bevolking versterk word en voorkeur gee aan nedersetters uit die Unie.

Volgens die korrespondent sal die wetsontwerp die heelhartige steun en goedkeuring van die naturelle-bevolking geniet.

NU-SEELAND IN TRURAT

Nu-Seeland het verlede week 'n nuwe regering gekry toe die Arbeidersbewind met 34 setels teenoor 46 die onderspit gedelf het teenoor die Konserwatiewe (of Oppisisie-) Party.

Die nuwe regering het onmiddellik aangekondig dat hy die beleid van nasionalisering van die vorige bewind sonder versuim ongedaan sal maak.

Binne die parlementêre stelsel is weinig dinge so seker as hierdie twee:

(1) **Dat geen regering duursaam is nie.**

(2) **Dat elke nuwe regering weer die werk van die ander ongedaan maak, en die land dus nooit vooruit kan gaan nie. Na elke vyf, tien, of vyftien jaar, word die land in die trurat gegooi en beweeg hy weer agteruit.**

PARTYE BUIT

(Vervolg van bladsy 1 kolom 2)

HULDE

Dr. Van Zyl het ten aanvang hulde gebring aan daardie duisende indiwiduele lede van die O.B. wat in die afgelope jaar, net soos in die jare wat reeds verby is, so onberispelik trou en vas gestaan het by die beweging.

Die partylose ideaal van die O.B. het in die verbygaande jaar opnuut sy waarde openbaar, het die Gebiedsleier gesê. In hierdie jaar het die politieke partye nie alleen die kleurprobleem uitgebuit vir party voordeel nie, maar hulle het inderdaad partypropaganda gemaak van die ekonomiese nood van die volk. Wanneer partye so roekeloos te kere gaan met die dringendste probleem en die haglikste nood van die volk kry mens nuwe waardering vir die partylose ideaal van die O.B. In die nuwe jaar sal die O.B. beslis die partylose gedagte oftewel die eenheidsgedagte baie sterk na vore moet stoot, het dr. Van Zyl besluit.

Komdte. Van Rooyen het die Gebiedsleier bedank vir sy hoopvolle boodskap; en genl. de Villiers Truter het sy kommando's geluk gewens met die prestasie van die aand en almal wat bygedra het om die sluitingsvergadering so gesellig en aangenaam te maak van harte bedank.



„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Merkel,** Posbus 2721, Kaapstad."



Koop hierdie by

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Betekenis van Koalisie

TYDELIKE HULPMIDDEL BINNE PARTYSTELSEL

Dr. J. F. J. van Rensburg het, met die uitdruklike voorbehoud dat dit slegs sy persoonlike opinie is, hom in die pers ten gunste van die samestelling van 'n koalisie-regering uitgespreek. Dit vestig opnuut die aandag op hierdie noodmaatreël, so welbekend as uitvlug van parlementariërs-in-krisis. Dis tewens ook die enigste weg waarlangs nasionale eenheid binne die partystelsel en deur die partye, hetsy dan maar in tydelike gedaante, verkry kan word.

'n Blik oor die politieke veld kan nie anders as die oorweging van hierdie middel aan die gesonde verstand, indien enige, van die ontgoëlede toeskouer opdring nie.

EENDRAG DIE UITGANGSPUNT

As vir toekomstige staatsoptrede deur die Unie eendrag die uitgangspunt moet wees, 'n geloof aan die noodsaaklikheid waarvan volmondig en hopelik ook hoelhartig deur almal bely word, dan is daar vir die huidige maar min ander uitweë om te kies.

'n Natuurlike en vanselfsprekende nasionale eenheid op grondbeginsels wat deur alle partye aanvaar word, sou ideaal wees. Dan sou partye slegs oor sekondêre sake verskil en oor primêre saamstem. Die verwisseling van regerings sou slegs beteken dat metode van optrede wissel, dog nooit die rigting daarvan nie. Nòg Afrikaanssprekende nòg Engelsprekende sou dan wesentlik deur die V.P.- of H.N.P.-regering bedreig voel — of wees. Binnelandse en buitelandse probleme met kleurgroepe en die V.V.O. sal dan stelselmatig met slegs wysiginge in tempo en beklemtoning aangepak en opgelos word. In die gulde Eeu van die partystelsel in Groot-Brittanje was hierdie toestand 'n kortstondige werklikheid.

HUIDIGE PARTYBOTSINGS

Ongelukkig is hierdie ideaal onder 'n partybewind in die Unie nie slegs verruklik nie maar ook hersenskimmig. Die twee groot partye elk hoofsaaklik op die regmatige sowel as onregmatige aspirasies en vrese en hoop van twee botsende rasse gebou, staan in vertérende konflik teenoor mekaar. Selfsugtige partybelange buit teenstellings in die samelewing uit. Dreigemente van wysigings aan die Grondwet word heen en weer geslinger en bestendig aldus slegs die onbestendigheid van alles. Die H.N.P.-regering wat as waard van die politieke belange van die Afrikanerdom moet dien ontbreek òf die wil òf die vermoë òf albei om sake op blywende grondslae te stel. Les ergste: **'n bekommerde Afrikanerdom deur 'n verkiesingsuksessie verdoof, kom stadig tot sy sinne en die besef dat 'n genl. Smuts met sy gevolg hulle op 'n bewindsoorname voorberei nie slegs as teoretiese nie maar ook as praktiese moontlikheid, dat sy bewind met enkele veë die Afrikanersaak veel meer blywend as voorheen sal kan skaad en dat hierdie katastroof onvermydelik en dalk eerder vroeër as later kom.**

DIE LIGPUNT

Dis die prentjie. Dog daar is tog 'n weinig lig. Ekonomiese moeilikhede klap met koele hardhandigheid en voor die voet alle lede van die staatsgeheel. Op hierdie terrein is dit moontlik dat partye 'n tydelike wapenstilstand kan sluit, veral aangesien mnr. N. C. Havenga as leidende figuur op hierdie gebied veel minder as enige ander

Deur J. de Vos

praktisérende politikus hom met kleinlike partyrasernye ingemeng het.

Daar is ook die bykomende faktor dat die V.V.O. met sy optrede teenoor Suid-Wes op hierdie punt albei die groot partye se onwil hom op die hals gehaal het.

As van sulke reste van nasionale eenheid behoorlike gebruik gemaak word, is dit moontlik dat die twee groot partye hul strydbyle mag bêre en deur die verwydering van partyvyande werklik aan die volks- en staatsvyande aandag kan wy en skade kan toebring.

DIE REKORD VAN KOALISIES

Vergeleke met die res van die rekord is die geskiedenis van koalisie-regerings ook nie so sleg nie, hoewel nie volmaak nie. Van die standpunt van die Afrikanerdom gesien het die bewind van Hertzog en Smuts die juridies ondubbelsinnige grondslag van ons nasionale onafhanklikheid daargestel deur aanname van die Statuswette. **Ook het die naturellewetgewing van genl. Hertzog van alle wette nog die naaste aan die toepassing van apartheid gekom.** Op ekonomiese gebied het die bewind groot voorspoed gebring.

Talle idees oor wat gedaan moes gewees het, is gelug, maar niemand het nog ooit bewys dat onder die gegewe toestande meer of selfs eweveel verrig kon gewees het, as dit 'n party- en nie 'n koalisiebewind was nie. Inderdaad mag die geskiedenis nog oordeel dat die grootste politieke fout wat die Afrikaner in die dertiger jare begaan het, was om die nasionale aard van die bewind deur die onthouding van die groep onder dr. Malan te minimiseer.

UIT NOOD KOM KOALISIE

'n Koalisie of 'n nasionale regering is in 'n land met 'n partystelsel die kind van 'n noodtoestand. Groot-Brittanje het die oorlog oorleef omdat sy politici hulleself tot 'n nasionale regering saamgevoeg het en tans, hoewel die Arbeiderregering in getalle een van die sterkste regerings van alle tye is, tree die gedagte aan 'n nasionale bewind om die ekonomiese krisis die hoof te bied weer na vore.

Dis dan ook 'n eienaardigheid van die partystelsel dat sy grootste diens aan 'n volk in nood daaruit bestaan dat hy homself verwyder. Partye wat koaliseer besluit om hulle normale kannibalistiese gewoontes tydelik te laat vaar. Hoe groter die landskrisis deste langer hou die goeie voornemens. Hoe meer verteenwoordigend die partye wat deelneem, deste groter die aanspraak van die regering op die benaming **nasionale** en deste beter die vermoë om probleme op te los.

MINSTENS TYDELIKE MIDDEL

Soos by alle middels is ook die nut van 'n koalisie van die omstandighede van die oomblik afhanklik. Op hierdie oomblik in ons volks- en staatsbestaan kan dit die pasiënt se dodelike politieke dispepsie verlig deur die inwendige wanorde tydelik op te klaar en kan dit erger en groter ellendes in die toekoms voorkom deur middelpuntvliedende kragte saam te dwing. **Die wederkerige aftakelingsbeleid tussen die partye kan tydelik deur gemeenskaplike opbouwerk vervang word.** Daartoe leen die bevoegdhede van talle partyleiers hul wel. Net die kapasiteit van die masjien ontbreek jammerlik.

Wie weet kan die tydelike hulpmiddel 'n meer duursame reparasie aan die ou voertuig voorafgaan. Miskien mag ontslag oorweeg word na verlof vir afwesigheid aan die partye toegestaan en aanvaar is.

GEEN O.B.-BLAD VIR TWEE WEKE

Die kantoor van die Ossewabrandwag in Kaapstad sal van 15 Desember tot 5 Januarie gesluit wees.

Die laaste O.B.-blad vir die jaar verskyn op 21 Desember en die eerste uitgawe daarna sal eers op 11 Januarie wees. Daar sal dus geen O.B.-blad wees op 28 Desember en 4 Januarie nie.

Kakamas Samel In Ondanks Droogte

Die Kakamas-kommando's A.15.b1 en 6 het, weens plaaslike omstandighede, hulle 8 Augustus-funksie uitgestel tot 12 Oktober, by watter geleentheid genl. W. R. Laubscher van Hoofkwartier hulle ook toegespreek het.

Nadat komdt. G. F. J. van Rensburg die verrigtinge geopen het, het die funksie, wat die vorm van 'n braaivleis gehad het, suksesvol verloop. Komdte. E. J. van Rensburg en haar offisiere het gesorg vir heerlike boerewors, braaivleis, koffie en allerhande lekkernye, terwyl die Boerejeug by 'n afsonderlike tafel ook besig was om fondse in te samel.

Die opkoms was heeltemal bevredigend en as die langdurige droogte-toestande van die Noordweste in aanmerking geneem word, kan die bedraggie van £40, wat ingesamel was, ook as bevredigend beskou word.

'n Gevoelige verlies het die Kakamas-kommando's hierdie maand getref, deur die heengaan van Brandwag P. L. Burger, een van ons getrouste lede. Sy vriendelike gesig sal deur ons almal gemis word op ons toekomstige byeenkomste. Die kommando's se innige meegevoel hiermee aan die beproefde huisgesin. (Korr.)

KAN PARTYE SAAMWERK AAN KLEURVRAAGSTUK?

Albei Leiers Meen Dis Moontlik

In ons korrespondensiekolomme verskyn 'n brief van 'n leser op Stellenbosch wat vra of die verklaarde beleid van die Verenigde Party oor die kleurvraagstuk van sodanige aard is dat dit die moontlikheid inhou van samewerking met die nasionaalgesinde partye om die vraagstuk op te los.

Op 21 September 1948 het veldm. Smuts in die Parlement verklaar: „Daar is heelwat in verband met apartheid wat gemeenskaplik is aan alle partye in ons land"; en op 26 Januarie 1949 het dr. Malan ewe-eens in die Volksraad verklaar: „En verder nog wil ek dit sê, dat wat betref die naturellevraagstuk, daar genoegsame gemeenskaplike gronde tussen die partye is dat ons oor daardie saak mekaar kan raadpleeg."

Om die gemeenskaplike gronde toe te lig, het dr. Malan gesê „wil ek 'n paar aanhalings doen uit die gepubliseerde beleid van die Verenigde Party. Dit is 'n aankondiging wat gekom het op 1 Oktober en dit het gekom van die hoofkantoor van die Verenigde Party. Dit bevat die verklaarde beleid van die Verenigde Party insake naturelle en die kleurlinge. Dit is die offisiële verklaarde beleid wat uitgegee is deur die hoofkantoor van die Verenigde Party onder die naam en gesag van die leier van die Opposisie. Daarin word verklaar:

„ ‚Ooreenkomstig die program van beginsels staan die Party vir die leierskap en die gesag van die blanke en herbevestig hy die beginsels van Christelike voogdyskap jeens die naturellebevolkingsgroep as permanente onderdeel van die Unie se bevolking.'

„Ons het geen beswaar teen die uitspreek van daardie beginsel nie (aldus dr. Malan). Die tweede punt is dit:

„ ‚Die naturellebeleid is gegrond op die erkenning van vasstaande feite.'

„Hulle begin realisties word—

„ ‚Meer in besonder die verskil tussen die blanke en die naturellebevolkings en die bestaan, benewens die naturelle in die reserwes, van die gevestigde naturellebevolking op plase en in die stedelike gebiede.'

„Ons het nie die minste beswaar hierteen nie. Dan verder:

GEEN GELYKSTELLING

„ ‚Derhalwe is die party nie ten gunste van 'n beleid van gelykstelling of assimilasie nie en staan hy vir die handhawing van die beleid van afsondering.'

„Afsondering is baie sterker as apratheid (aldus dr. Malan):

„ . . . vir die handhawing van die beleid van afsondering op maatskaplike gebied, aparte woonbuurte en ook die vermyding van rassevermenging; en die ontwikkeling met in agneming van die voornoemde feite van verskil, van die naturellebevolking in hul eie en in die land se belang. Sodanige ontwikkeling sal onder blanke leiding plaasvind (a) in die naturellereserwes as die nasionale en kulturele grondslag van die naturelleras, met die oog op die draagkrag, ens. . . .'

„Ek vra, of daar nie met die oog op die verklaarde beleid van die oorkant van die Huis, genoegsame gronde is dat ons met betrekking tot die naturellevraagstuk gesamentlik met mekaar kan raadpleeg nie," aldus dr. Malan.

VOORSTEL

Dr. Malan het toentertyd voorgestel dat die vraagstuk uit die partypolitiek gelig word en dat dit na 'n parlementêre kommissie verwys word en „dat die kommissie opdrag ontvang om die toepassing in besonderhede van die apartheidsbeginsel soos by die verkiesing goedgekeur bepaaldelik ten opsigte van die naturellevraagstuk te oorweeg."

Veldm. Smuts het saamgestem dat die kwessie uit die partypolitiek gelig word. Hy het gesê: **„Ek dink die tyd het gekom dat ons weer moet probeer om te sien of ons nie die saak van die politieke terrein kan afkry nie."**

BESWARE

Veldm. Smuts het egter hoofsaaklik twee besware teen dr. Malan se mosie gehad.

Eerstens wou hy nie die ondersoek beperk tot „die apartheidsbeginsel, soos by die verkiesing goedgekeur" nie. Hy het gesê: „Die kwessie van wat ek mag noem die ‚Natbegrip' van die apartheidskwessie moet volgens hom (dr. Malan) beskou word as beslis, en ons moet dit aanneem. Dit sal nie werk nie." Hy wou 'n vrye ondersoek na apartheid hê.

„AFSONDERING"

Gevra oor sy begrip „afsondering" het veldm. Smuts gesê: **„ ‚Afsondering' is 'n beter woord as ‚apartheid'. Dit lyk vir my agbare lede aan die anderkant verstaan nie die Afrikaanse taal nie. Ek word beskuldig die vader te wees van die term ‚apartheid.' Dit is nie so nie. Dit is 'n woord wat nou 'n slagkreet geword het. Dit is nie Hollands nie en dit is nie Afrikaans nie. ‚Afsondering' is die regte woord."**

GRONDWETLIKE ASPEK

Tweedens wou veldm. Smuts hê dat die kommissie ook die konstitusionele aspekte van apartheid moet ondersoek. Hy het gesê:

„Daar is aspekte van die kwessie van apartheid. Daar is die aspek van die kwessie van apartheid wat gemene saak is in ons land. **Ons stem daarmee saam. Wat betref die maatskaplike, die residensiële en dergelike sye van die kwessie, daar het ons te doen met die ou tradisionele beleid van Suid-Afrika.** Maar dit is nie die enigste beskouing van apartheid nie en dit is ook nie die beskouing aan die ander kant nie. Daar is 'n ander beskouing van apartheid en dit tref die konstitusionele kwessie, waaroor, soos die Raad weet, daar die grootste verskil bestaan. Daarom het ons voorheen ons pad nie ope gesien om die voorstel aan te neem nie en net so min is dit vandag vir ons aanneemlik. **Laat die hele kwessie met al sy onderdele na die kommissie gaan — die beginsel en die toepassing daarvan — en dan sal ons miskien in die kommissie iets vind wat goed sal wees."**

MEERDERHEID

Derhalwe is van V.P.-kant voorgestel dat 'n kommissie benoem word maar dat die kommissie opdrag ontvang (1) om die toepassing in besonderhede van die apartheidsbeginsel ten opsigte van die naturellevraagstuk te oorweeg, en (2) dat enige aanbeveling of voorstel om die bestaande Parlementêre regte van die naturelle af te skaf of te wysig, onderhewig moet wees aan 'n meerderheid van twee-derdes in die Parlement soos deur die verskanste klousules van die grondwet bepaal."

Uit die bostaande aanhalings kan afgelei word dat die stryd oor die naturellevraagstuk tussen die partye grootliks 'n kwessie van politiekery is. Sodra die hele saak uit die partypolitiek gelig word, mag 'n grondslag gevind word op die beginsel van „apartheid" of „afsondering" ten opsigte waarvan die oorweldigende meerderheid van die volk sal saamstem.

Kersgroetes

Persone wat graag gebruik wil maak van Die O.B. om Kersgroetes aan hul vriende te stuur, soos in die verlede, word daaraan herinner dat daar nog geleentheid vir die uitgawe van 21 Desember is, en dat die kopie ons moet bereik voor 17 Desember.

Die tarief is 2/6 vir 36 woorde of minder, en daarna 1d. per woord vir alle bykomende woorde. Die geld moet saam met die groete gestuur word aan Posbus 1411, Kaapstad.

Roosevelt Se Geskenkie Aan „Premier" Stalin

Die moontlikheid dat president Roosevelt, die man wat grootliks meegehelp het om Stalin aan die wêreld voor te hou as die verpersoonliking van die demokrasie en die Christendom, selfs so ver gegaan het om aan sy kameraad in die Kremlin stilletjies 'n geskenkie van atoombompoeier en geheime inligting omtrent atoomkrag te stuur, word tans in Amerika ondersoek nadat 'n oud-offisier verlede week in 'n radiorede gesê het dat uraan-bompoeier en uiters geheime dokumente in verband met atoomkrag tydens die oorlog uit die Verenigde State na Rusland gestuur is deur Harry Hopkins, wyle pres. Roosevelt se persoonlike hulp vir die wegkry van spesiale besendings.

Die voorsitter van die kongres se komitee oor atoomkrag het gesê dat die verklaring ondersoek sal word.

Dr. Van Rensburg Raai Partye Aan Tot Koalisie

'n Persoonlike wenk vir koalisie tussen die politieke partye en vir gesamentlike regering (met behoud van identiteit) is verlede week aan die hand gedoen deur dr. J. F. J. van Rensburg in 'n spesiale artikel vir die Transvaalse Independent, 'n nuwe Pretoriase weekblad. Dr. Van Rensburg verklaar dat sy wenk neerkom op 'n pleidooi „om partye en hul slagkrete op die agtergrond te skuif, minstens tydelik totdat ons uit die verleentheid is."

Dr. Van Rensburg verwys na die Engelse digter wat in die 17de eeu gekla het: „Almal vir die party en niemand vir die staat nie," en vervolg:

„Ons is 'n jong volk in die 20ste eeu, met daardie eeu se botsende ideologieë; met 'n derde ‚oorlog-om-oorloë-te-beëindig' aan die opkom; saamgestel uit twee blanke hoofrasse met uiteenlopende geskiedenis en met botsende konstitusionele strewes wat gesamentlik staan teen die agtergrond van 'n groot nieblanke oormag, grotendeels primitief, in armoede gedompel en gefrustreer—en dan eindelik, net om die emmer vol te maak, met 'n Asiatiese probleem wat sowel moeilik as gevaarlik is.

„NIEMAND VIR STAAT"

„Inderdaad 'n staat omring deur moeilikhede en gevare wat byna onoorkomelik is. En hoe benader ons dit? **‚Almal vir die party en niemand vir die staat nie.'"**

Dr. Van Rensburg voer aan dat die tydperke waarin die meeste verrig is in Suid-Afrika, onder koalisie-regerings geval het. Ons sou waarskynlik nooit die voortreflike arbeidswetgewing van vandag gehad het as dit nie was vir die samewerking tussen die Nasionaliste en die Arbeiders onder wyle genl. Hertzog nie. Ons sou ook nie die konstitusionele vordering kon gemaak het na die Statuut van Westminster, of die grondslag vir segregasie in 1936 kon gelê het, as dit nie was vir die Hertzog-Smuts-koalisie, vir verskille wat op die agtergrond geskuif was om noodsaaklike werk vir die land te verrig nie.

Vandag staan vraagstukke voor die deur vergeleke waarmee ons vooroorlogse probleme na nietighede lyk. Die finansiële lek wat mnr. Havenga so dapper probeer toestop onderwyl die boot deur party-gestoei heen en weer waggel, mag die hele boel laat sink tensy ons kan besluit om ons rusies oorboord te gooi. Die Kommunistiese bedreiging is nie gerig teen Nasionale Party, teen Verenigde Party of teen Afrikanerparty nie, maar teen ons almal. Die uitdaging aan blanke leierskap is nie 'n uitdaging aan Nasionalis of aan Sap nie, maar aan die blankedom as geheel.

HERTZOG-BASIS

Dis futiel en gevaarlik om te lag in die aanskyn van hierdie dinge, en 'n basis is nie onbereikbaar nie. Dr. Van Rensburg wys daarop dat die Program van Beginsels van die Verenigde Party nog is soos genl. Hertzog dit opgestel het; dat dieselfde genl. Hertzog later leier van die Herenigde Nasionale Party geword het, en eindelik ook nog die vernaamste bydrae gedoen het tot die Program van die Afrikanerparty—'n gemeenskaplike faktor dus, en bowendien die gemeenskaplike faktor van wie selfs sy teenstanders van weleer vandag erken dat hy die leier was wat die pad gebaan en daarop volgehou het wat al hoe meer die enigste blyk te wees wat aanneemlik is vir die meerderheid denkende Suid-Afrikaners.

Teen so 'n gemeenskaplike agtergrond kan kragte verenig word totdat Suid-Afrika weer op die droë is. Die partye kan hulle identiteit behou, en, as bewys van goeie trou mekaar gyselaars gee—wat in die politiek neerkom op aanvaarding van gesamentlike gesag, en gesamentlike verantwoordelikheid.

Dr. Van Rensburg beklemtoon dat hy skryf as burger van Suid-Afrika, nie as lid van enige politieke organisasie nie.

BENODIG

'N BLANKE HUISHOUDSTER vir Afrikaanse gesin van drie, in goeie woonbuurt. Bediendes in diens. Ele kamer in huis en goeie loon word aangebied aan ervare dame wat dienste of middel Januarie of begin Februarie kan aanvaar. Skrywe asb. aan STEYN, Posbus 32, Parow.
30/11/3.

SANTAM

EKSTRA Beskerming!

SANTAM SE „HUISBEWONERS-Polis" beskerm u Meubels en Huisinhoud nie net teen Brandskade nie maar ook nog teen skade deur—

- Inbraak
- Storm
- Water
- Aardbewing
- Onluste
- Ontploffings ; ens.

Vir VOLLE BESKERMING—
'n SANTAM
„HUISBEWONERS-Polis"
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke en Agentskappe Oral
2808-8a

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

OP LOOP GEJAAG

Dat die „amptelike opposisie" deeglik slaag in sy betaalde taak om die regering tot magteloosheid te „opponeer" en by die nie-blanke bevolking verdag te maak, en dat die regeringsparty met sy opsweping van rassehartstog terwille van stemme net so pragtig daarin slaag om die bietjie steun wat hy nog van nie-blanke kant in die verlede geniet het, weg te dryf, blyk uit die feit dat een van die weinige naturelle-organisasies wat prinsipieel die beleid van apartheid onderskryf, tans sy rug op die Malan-bewind gedraai en sy toevlug na die „amptelike opposisie" geneem het. Hierdie organisasie is die Bantu National League wat verlede jaar in Oktober 'n adres van lojaliteit aan dr. Malan oorhandig het by geleentheid van sy partykongres in Port Elizabeth.

By daardie geleentheid het die afvaardiging van naturelle, onder leiding van S. M. Ncwana, aan dr. Malan gesê dat hulle „hoë waardering" het vir die regering se plan „om 'n nasionale tuiste vir die naturelle in hul eie aparte gebiede te skep waar hulle met hulp volgens hul eie nasionale tradisies kan ontwikkel." Die adres het verder gelui:

> **„Ons vertrou dat die regering se apartheidsbeleid, as dit eerlik in die vrese van God en met die samewerking van die leiers van die naturellevolk uitgevoer word, die enigste oplossing sal wees waardeur die verlangde vrede en onderlinge verstandhouding tussen die blanke en nie-blanke volke van die land uiteindelik verkry sal word."**

Die samespreking is met wedersydse komplimente en beloftes afgesluit op 'n noot wat hoop gegee het vir die toekoms.

VERDAGMAKING

Intussen egter het die politieke partye hul onbeheerste opsweping van wantroue, die een teen die ander, in toenemende tempo voortgesit. Die „amptelike opposisie" het aan blank en nie-blank vertel dat die regeringsparty niks anders as die ewigdurende vertrapping van die naturelle beoog nie, **en daarmee alle vertroue in die wit regering stelselmatig vernietig vir die prys van 'n klompie liberale stemme.** Die regeringsparty daarenteen het weer voor blank en nie-blank beduie dat die Verenigde Party vir gelykstelling en onbeperkte bevordering van naturelleregte staan, **en daarmee by die naturelle sowel die indruk gelaat dat hyself niks anders as hul verslawing beoog nie as dat die Verenigde Party die beste vriend van die naturel moet wees.**

Strydkrete oor apartheid—daarvoor en daarteen—het aangegroei tot 'n rasende hekseketel in die stryd om setels. En met hierdie slagkrete het die een politieke party sy verkiesingsdoel bereik, **maar of diegene—aan blanke sowel as nie-blanke kant—wat apartheid nastrewe, op hierdie wyse ooit hul doel sal bereik, is hoogs twyfelagtig, want daardie naturelle wat dertien maande gelede hul lojaliteit aan dr. Malan in Port Elizabeth gaan betuig het, het verlede week die hand uitgesteek na die Verenigde Party.** Uit die kongresse van die H.N.P. kon hierdie mense geen hoop vir hul apartheidsideaal put nie. Verder aangespoor deur die propaganda van die „amptelike opposisie" het hulle blykbaar tot die gevolgtrekking gekom dat die regering hul ondergang beoog. Ncwana, wat dertien maande gelede aan dr. Malan trou beloof het in die hoop dat hy „in die vrese van God en in samewerking met die naturelleleiers" sy beleid van apartheid sou deurvoer, het nou sy trou aan die Verenigde Party gaan betuig:

AFGESKRIK

„Dit is die Verenigde Party met al sy krag en invloed wat vir die regte van die naturellevolk sal veg," verklaar hierdie naturel nou, en hy verduidelik:

„Ons het gemeen dat die Eerste Minister se apartheidsbeleid beteken die daarstelling van 'n nasionale tuiste vir die naturellevolk. Die Bond glo nog dat apartheid beteken die goddelike reg van elke gemeenskap of nasie om ooreenkomstig sy eie aard te ontwikkel. Maar die strekking van dr. Malan se toesprake op drie nasionale kongresse vanjaar was dat die regering kragtige pogings sal aanwend om die ontwikkeling van die Bantoevolk te belemmer. Elke naturellegemeenskap is grootliks getref deur die snaakse uitlatings van die Eerste Minister, deur die skielike omverwerping van alle reëlings waarop ons peil getrek het en deur die groeiende rasse-ywer en vyandskap."

Hierdie naturel vestig nou sy hoop op die Verenigde Party wat net so min iets vir die naturellewelsyn sal doen as enige ander politieke party, wie se hooftaak dit is om verkiesings te wen en nie om vraagstukke op te los nie. Wanneer hy uiteindelik ook daar teleurgestel sal word, sal hy waarskynlik aansluit by die standpunt wat 'n paar weke gelede deur naturellesprekers in Durban ingeneem is, naamlik **„dat blanke liberalisme gefaal het om iets vir die naturel te verkry, en dat die naturel nou sonder die wit man sy stryd sal moet stry."**

DROË TAK

Geen wonder nie dat denkende persone wat wanhoop oor die toekoms weens die partypolitieke verknoeiing van die kleurvraagstuk 'n koalisie wil aangryp as 'n droë tak waarmee die vuur enigsins bestry kan word. **Maar as 'n koalisie**

(vervolg in volgende kolom)

Monument Vir Kind Wat Ouers Verraai In Rusland

Die praktyk dat kinders hul ouers by die staat moet aankla indien hulle iets teen die bewind sê of doen, word in Rusland nie net aangemoedig nie, maar die in gebreke bly om jou ouers te verraai, word as 'n strafbare misdaad teenoor die party beskou.

In sy boek „This was my Choice" vertel Igor Gouzenko o.a. wat gebeur het met 'n mooi nooientjie tot wie hy hom besonder aangetrokke gevoel het in die dae van sy jeug. Hulle was albei lid van die Kommunistiese jeugbeweging, die Komsomol. Potekina was een van die leidsters, ywerig en 'n uitblinker op sportgebied. Op 'n dag is daar 'n dringende vergadering belê vir die afdeling waarin hy en sy was. 'n Amptenaar van die hoofbestuur, ene Gromov, het die byeenkoms toegespreek en die doel kort en saaklik verduidelik: Dit was byeengeroep om die een vraagstuk te behandel—die vraagstuk van Potekina se lidmaatskap.

„Potekina", roep die voorsitter met 'n skerpheid wat ons laat sidder. „Kom na die tafel toe!"

Sy het opgestaan en soos in 'n beswyming tot by die tafel gestap waar sy na Gromov gestaar het. Laasgenoemde het haar nie eens aangekyk nie, maar ons verder toegespreek.

„VYAND"

„Die hoofbestuur van die Komsomol is van mening dat Potekina uit die beweging geskop moet word as 'n onwaardige lid wat haar politieke waaksaamheid verloor het en nie in staat was om 'n vyand van die volk aan die kaak te stel wat onder dieselfde dak met haar bly nie. Die feit dat sy nie in staat was om hierdie vyand te openbaar nie is nie 'n ongeluk nie. Miskien deel sy die beskouings van haar vader . . .' sy stem het tot 'n kreet gestyg, ‚haar vader wat nou deur die NKVD in hegtenis geneem is as 'n vyand van die volk!'

„Potekina het met 'n bleek gesig na ons gekyk asof sy ons gesigte wou lees. Ek was bang dat sy na my sou kyk en 'n gebaar sou maak om meegevoel uit te lok. Haar vader was, soos ons geweet het, die finansiële direkteur van die grootste elektrisiteitsfabriek in die Sowjet-unie.

POLITIEKE OPINIES

Gromov het gedonder: ‚Hierdie meisie se pa is in hegtenis

(vervolg van vorige kolom)

die middel moet wees om nog die oorgeblewe vertroue by die nie-blankes te red, dan sal daar geen uitstel kan wees nie of die partye sal ook nie meer in staat wees om die sterwende vertroue in die witman saam met hulle binne te haal nie. Die Ncwanas is vinnig besig om van die een party na die ander af te gly na die bodem van wanhoop en verbittering onderwyl laasgenoemdes besig is om hul stemvee met skrikgebare kraal toe te jaag.

Diegene wat staatmaak op die „almag" van partye, sal daarin natuurlik geen oorsaak vir kommer sien nie, maar hulle wat peil trek op staatsmanswysheid, wanhoop oor hierdie ontwikkeling van sake.

geneem weens sameswering vir die oprigting van 'n Trotzky-Boukharine-blok in die dinamofabriek!'

„‚Ek is uit 'n werkersklasfamilie gebore', het Potekina gefluister.

„‚Vertel ons liewer waaroor jy en jou vader gesels het, watter politieke opinies jy handhaaf,' het Gromov geantwoord.

„Potekina was 'n bietjie histeries: ‚Ek het nie sy opvattings gedeel nie.'

„‚A!' het het Gromov triomfantlik uitgeroep. ‚Dan het jy geweet dat hy 'n Trotzkyiet is! Waarom het jy dit nie aan die regte gesag meegedeel nie? Waarom het jy nie 'n vyand aan die kaak gestel nie hê?'

„Potekina het verduidelik dat hy haar verkeerd verstaan. Sy het nie geweet dat haar vader sulke opvattings gehuldig het as waarvoor hulle hom in hegtenis geneem het nie, en sy deel nie sulke opvattings nie."

PLEIDOOI

Gromov het haar egter stilgemaak en die klas gevra om hul menings uit te spreek. Die eerste spreekster was 'n vriendin van Potekina wat vir haar gepleit het op grond dat sy 'n goeie patriot is en 'n goeie lid van die party sal wees ten spyte van haar vader se misdaad.

Oral uit die klas het stemme van instemming opgeklink. **Gromov het woedend geword en omgekyk na die voorsitter wat dadelik opgespring en die klas begin uitskel het vir swakkelinge wat nie waardig is om toegelaat te word vir verdere studie of lidmaatskap van die party nie. Dit het sy uitwerking gehad en die eerste spreker daarna was 'n flinke kêrel wat gereeld briefies aan Potekina gestuur het. „Ons handel soos kinders," het hy gesê. „Op 'n oomblik wanneer die party 'n genadelose stryd voer teen die vyande van die volk, hef ons lofliedere aan oor Potekina wat weier om 'n vyand van die vaderland te openbaar. Ek stel voor dat sy uit die party geban word.**

GEEN TEENSTEM

Daar is toe oorgegaan tot stemming. Nie een het gewaag om teen te stem nie, daar elkeen besorg was oor sy eie toekoms, en Potekina is gebroke daaruit nadat sy haar kaart ingehandig het.

Terug in die klas het die onderwyseres 'n preek afgesteek oor die plig van goeie Komsomols. **Sy het met groot lof gepraat van kinders wie se inligting daartoe gelei het dat hul vaders en moeders na Siberië verban is. „Haar oë het gegloei van geesdrif toe sy vertel dat hulle volkshelde is, lewende voorbeelde met die hoogste nasionale sin vir waardes.**

MONUMENT VIR VERKLIKKER

„Sy het veral opgevlam toe sy ons vertel van jong Pavel Morozov wie se gesin uitgedelg is op grond van sy veroordeling, en wat as so 'n groot weldoener beskou word dat daar 'n monument vir hom opgerig gaan word. ‚My suster het 'n vriendin wie se voorbeeld julle ook met voordeel in gedagte kan hou,' het die onderwyseres gesê. ‚Sy het getrou en het gelukkig gelewe met 'n man wat op 'n dag aangekla is as 'n vyand van die volk. **Het sy toe gehuil en soos 'n swakkeling gepleit vir sy lewe? Nee! Sy het aangekondig dat sy amptelik van hom sal skei en op die eerste partyvergadering het sy 'n toespraak gelewer waarin sy haar man verwerp. Sy het die moed gehad om die dag te vervloek waarop sy dwaas genoeg was om met hom te trou. Vandag is daardie vrou weer getroud en word hoog geag vir haar volksgees. Onthou, niks is belangriker as dit nie'!"**

Daardie aand het Gouzenko sy moeder heftig aangespreek toe sy 'n kritiese opmerking gemaak het in verband met die arrestasie van 'n buurman. „Potekina mag 'n swakkeling gewees het, maar nie ek nie!" het hy uitgeroep.

„Dit was hierdie aaklige herinnering meer as enigiets anders wat my op daardie middag van 5 Sept. 1945 beïnvloed het toe ek my groot besluit geneem het," verklaar die skrywer.

Flinke Besigheid Van Rooi Party In Italie

Die Italiaanse Kommunistiese Party is besig om die rykste party in Europa te word, berig die Cape Times. Die bron van sy rykdom is geleë in sy alleenhandel met die lande agter die Ystergordyn.

Twee jaar gelede is die partyfondse aangewend om „private handelsfirmas" in die lewe te roep en vandag beheer hierdie firmas 90 persent van die handel tussen Italië en die Russiese satelliete. Alle winste gaan na die fondse van die Kommunistiese Party. Vir die eerste ses maande die jaar het die winste meer as £2,000,000 beloop.

'n Verteenwoordiger van die party, wat voorheen 'n gesant in Warskou was, tree as buitelandse agent van die kommunistiese besighede op. Aan die regerings van die Russiese satelliet-lande vertel hy dan deur middel van watter kanale hulle kan koop en verkoop in Italië.

Britse Beleid

Die aandrang van die Britse regering dat naturelle deur naturelle in die wetgewende vergadering verteenwoordig moet word, is die belangrikste struikelblok in die pad na federasie van Britse gebiede in Afrika, het die Rhodesiese eerste minister, Godfrey Huggins, gesê en daarna toegevoeg lat die naturelle nog nie die vereiste peil van beskawing bereik het nie.

Het Verwydering Opgemerk

Tydens sy besoek aan Londen, aldus genl. Smuts, het hy 'n vervreemding tussen Britte en Jode waargeneem. As dit 'n blywende beslag gaan kry, sal dit 'n ramp wees, het hy gesê.

Minister Oor Lasterlike Berig Wat Onderskep Is

In antwoord op kritiek wat gevolg het op min. F. C. Erasmus se uitlating dat die regering sy voet neergesit het en dat nie alle berigte wat oorsee gestuur word hul bestemming bereik nie, het die Minister geantwoord dat daar geen sprake van sensuur is, maar dat die poskantoor die reg het om artikels, behalwe briewe, oop te maak. In die verband het mnr. Erasmus 'n voorbeeld van dergelike onderskepping aangehaal. Dit bestaan uit 'n artikel van 'n joernalis oor die Afrikaanse taal wat gemerk as „drukwerk" na 116 verskillende Europese blaaie gestuur is.

Die artikel wat onder die opskrif „die wêreld se aakligste taal" geskryf is, vaar uit teen Afrikaans as 'n „onopgevoede dialek" wat hoegenaamd geen kulturele waarde besit nie. **Die skrywer verklaar dat hoewel hy voornemens is om die res van sy lewe in Suid-Afrika deur te bring en hy 'n hartstog het vir die aanleer van tale, hy nie van plan is om Afrikaans te leer nie, omdat dit eenvoudig nie die moeite werd is nie.**

Hy raai Afrikaners aan om in Holland en Duitsland te gaan studeer sodat hulle kan besef watter „aaklige bastertaal" Afrikaans is. Die oorspronklike Nederlandse nedersetters, meen hy, moes mense van 'n baie lae klas gewees het. Opgevoede Afrikaners behoort die gesonde verstand te hê om hierdie onverfynde dialek agter te laat wanneer hulle in goeie geselskap kom.

Verder word beweer dat Afrikaans nie kan tred hou met moderne ontwikkelinge nie en dat woorde, meestal van Engels voortdurend geleen moet word.

GEEN SENSUUR

Min. Erasmus het gesê dat 'n regering met selfrespek nie kan toelaat dat verslae van hierdie aard wat die Afrikaner belaster die land uitgestuur word nie. Hoewel daar geen sprake van staatsensuur is nie, sal die regering waar hy kragtens wet daartoe in staat is, verhoed dat berigte van hierdie aard die land uitgestuur word.

Die artikel waarna die Minister verwys het, is, na die Cape Times berig, geskryf deur ene Douglas Compton-James van Durban, 'n Brit wat in Engeland gebore is en eers sedert Julie hierdie jaar hom metterwoon in die Unie gevestig het.

WEET NIKS

Hierdie Brit weet, volgens sy eie verklaring, niks van Afrikaans af nie — hy weier om dit te leer, en tog matig hy hom dit aan om 116 oorsese blaaie te voorsien van 'n artikel oor Afrikaans as taal!

Na die voorbeeld hiervan kan enige hotelkok met vrymoedigheid ook 'n artikel oor die uraan-gehalte van die Suid-Afrikaanse goudriwwe aan die buitelandse pers stuur. As dit net sensasiewekkend genoeg is, mag dit 'n plekkie in 'n oorsese koerant vind.

Wat die optrede van die Minister van Pos- en Telegraafwese betref, vrees ons dat sy toespraak lasteraars van Suid-Afrika nou net versigtiger gemaak het — versigtiger nie wat die inhoud van hul berigte betref nie, maar ten opsigte van die metode van versending. Behalwe die agterdog wat teen die „fascistiese" nasionale bewind hier en elders opnuut opgewek is, het die Minister niks meer bereik met sy „regering deur toespraak" nie.

Wat die besondere geval betref, kan verwag word dat die Minister stappe sal doen om die beriggewer te laat deporteer. Na die deportasie van Battersby behoort die pad nou wyd oop te staan.

GEVOLGE VAN REGERING DEUR TOESPRAAK

Wanneer 'n land die voorwerp van buitelandse kritiek is, spreek dit vanself dat die regering van daardie land dubbel so versigtig moet wees om nie verkeerde indrukke te voeg by die reeds verdraaide opvattings nie. 'n Treffende voorbeeld hiervan is die uitlating van die Minister van Pos- en Telegraafwese verlede week omtrent sommige berigte wat nie hul bestemming bereik nie. Al het die Minister sedertdien verduidelik dat hy daarmee geen staatsensuur bedoel het nie, woeker hierdie idee nou voort in die buiteland.

Die New York Times verwys — 'n hele paar dae na die Minister se ontkenning — nog steeds na „geheime sensuur" wat in die Unie op die pers toegepas sou word in samehang met 'n algemene aanklag teen die Unie ook ten opsigte van die Indiërs en Suidwes.

„Ten slotte," aldus die blad, „het die regering in wat skyn 'n poging te wees om kritiek te smoor, 'n bedekte sensuur ingestel sowel op sy eie pers as op berigte na die buiteland."

Regering deur toespraak, dit wil sê sterk uitlatings wat bedoel is om stemvee te beïndruk, sonder dat dit met die praktyk in verband staan, is 'n durabele manier van regering — mens betaal die volle rekening vir wat jy sê asof jy dit reeds klaar gedoen het sonder dat jy die voordeel van die daad self het.

Hoe gouer die Nasionale regering hierdie waarheid besef, hoe spoediger sal sy moeilikhede verminder.

(Vervolg van vorige kolom)

voedselvraagstuk op te los.

Hierdie aankondiging word vervat in 'n verslag van die kommissie oor atoomkrag. Die proses is die aanwending van atoomkrag om voedsel te maak net soos die plante sonlig en koolstofdioksied in voedsel verander.

Nuwe Generaal Vir Port Elizabeth

Hoofkomdt. P. C. Els is Saterdagaand, 26 November, eenparig deur die offisiere van die Port Elizabethse kommando's benoem tot bevelvoerende generaal van die Afdeling. Genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, het namens die Gebiedsleier, genl. P. J. Botha, die benoeming bekragtig en generaal Els in sy amp bevestig. Die nuwe generaal het die offisiere bedank vir die vertroue in hom gestel. „U het my in bevel van die kommando's geplaas", het genl. Els gesê; „en ek verwag van elke offisier intensiewe organisasiewerk in die maande wat voorlê".

Genl. Laubscher en die stafhoof, genl S. J. Kamffer, het verskeie kommando's in Oos-Kaapland besoek met die oog op organisasie.

In die afdeling van genl. A. M. Rademeyer is twee offisiersvergaderings gehou, nl. op Joubertina en op Humansdorp. Die stafoffisiere het op Kirkwood in die afdeling van genl. Andrew Belligan, offisiere en brandwagte van komdt. J. G. Kemp se kommando ontmoet.

Besluite van die onlangse Cradockse Gebiedsraad is verduidelik en voorligting is verstrek ten aansien van aktuele politieke kwessies. Nêrens is groot vergaderings gehou nie, maar daar het groot besieling van al die byeenkomste uitgegaan.

PARTYE EN DIE KLEURVRAAGSTUK

„Republikein", Stellenbosch, skryf:

Volgens die aankondigings van die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, oor voorgenome wetgewing wil dit blyk dat die volgende sitting van die Parlement gewy sal word aan apartheidswetgewing. Dr. Malan het trouens op Standerton en later weer op Johannesburg voor die Kongres van die Transvaalse H.N.P. beloof dat aanstaande jaar wetgewing ingedien sal word om die drie naturelleverteenwoordigers uit die Volksraad te verwyder en om die Kleurlinge op aparte kieserslyste te plaas en aan hulle 'n gemeenskaplike stem te gee.

Ek weet dat dit die O.B. se standpunt is dat die Kleurvraagstuk—en tewens alle vraagstukke—uit die partypolitiek gelig moet word en as volksvraagstukke aangepak en opgelos moet word. Ek weet ook dat dit mnr. N. C. Havenga en die Afrikanerparty se standpunt is dat kleurwetgewing nie met 'n toevallige partypolitieke meerderheid deurgevoer mag word nie, maar wel met behulp van die volkswil. Ek weet hierdie dinge en ek voel ook dat dit die regte standpunt is om in te neem.

Maar ek is nie seker van die standpunt van die Verenigde Party nie. Bestaan daar enige moontlikheid hoegenaamd dat die V.P. ooit gewillig sal wees om te help met die oplossing van die Kleurvraagstuk indien dit buitekant die partypolitiek en as 'n volksvraagstuk aangepak word? Ek kan verstaan dat die V.P. as Opposisieparty nie die H.N.P. sal wil help om die kleurvraagstuk op te los nie, want dan sal die H.N.P. die krediet vir die oplossing kry en dis duidelik dat die V.P. aan sy H.N.P.-teenstander geen krediet gun nie. Maar as die vraagstuk nou 'n volksvraagstuk kan word, sal die V.P. dan gewillig wees om saam te werk aan 'n oplossing en om die krediet vir die oplossing met ander te deel—selfs al sou die regeringspartye die reuse-aandeel van die krediet kry.

Ek is ook nie seker of die verklaarde beleid of amptelike standpunt van die V.P. oor die kleurvraagstuk van sodanige aard is dat dit die moontlikheid inhou van samewerking met die nasionaalgesinde partye om die vraagstuk op te los nie.

Ek voel oortuig daarvan dat baie van u lesers bly sal wees om pertinente antwoorde op hierdie vrae te kry. En indien u in staat is om sodanige antwoorde te verskaf, sal ek u baie dankbaar wees.

(Ons antwoord verskyn in die vorm van 'n afsonderlike artikel elders in hierdie blad—Red.)

SIEN GEVAAR

Mnr. Francois D. Conradie, Stellenbosch, skryf:

Ek wil graag iets sê in antwoord op die vraag deur adv. J. de Vos gestel in Die O.B. van 23 November, naamlik „Wat nou, Afrikanerdom?" Ek is 'n oudstryder van die Tweede Vryheidsoorlog. Ek ken Jan Smuts sedert hy aangestel is as staatsprokureur; het met hom saam as amptenaar van Het Volk gedien; en ek het hom leer ken as 'n uiters gevaarlike man sonder gevoel wat vir niks stuit om sy doel te bereik nie. Wat die huidige regering betref, wil ek net sê dat ek nie kan verstaan wat sy doel is nie. Adv. De Vos se artikel spreek boekdele — kom Smuts aan bewind, is daar ernstige gevaar. Bly dio regering sterk genoeg om sy planne deur te voer, sien ek ook gevaar. Gevaar, waarvoor? Binnelandse onluste wat onvermydelik sal wees. Die Afrikanerdom kan dus met taamlike sekerheid op bogestelde vraag antwoord: Ons stuur af op binnelandse lyding, onluste en gevaar. Mag God gee dat ek verkeerd is en dat Hy vir ons sake op vreedsame wyse bestier.

MOENIE VLUG

Ricordo Macaria, Stellenbosch, skryf:

Ek het die brief van Oom Gandhi in Die O.B. van 23 November gelees. Dis vir my aangenaam om te sien dat daar een is wat my sienswyse deel. Wat betref die „klugonthulling" is dit vir my onverskillig wat dit genoem word, mits dit nie as volksviering beskou word nie en die „ONS-klas" Afrikaners nie deelneem nie. Ek dink Oom Gandhi kan maar sy plan verander en ook gaan — moenie vlug vir Jan Smuts en Kie. nie, dit is net wat hulle genot sal verskaf. Hou koers!

Soos Ons Lesers Dit Sien

Atoomkrag Om Kos Te Maak Soos Plante

Aansienlike vordering is al gemaak om die geheim uit te vind hoe atoomkrag gebruik kan word om voedsel te maak volgens dieselfde proses as wat die plante dit daagliks in die natuur doen. As hierdie geheim opgelos kan word, sal dit aansienlik bydra om die wêreld se

(Vervolg in volgende kolom)

Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels
en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en
Varkmeel



VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

SM 4029



Rook
SPRINGBOK
Medium
DIE GELUKKIGE KEUSE

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

GEBOORTE

TREURNICHT: Aan Madie en Jan 'n fris dogter van die goeie Gewer op die 16de November ontvang. Albei wel. Dank aan dokter en hospitaalpersoneel.
7/12/1B

BETREKKING VAKANT

SNELSKRIF-TIKSTER.— Applikasies word ingewag vir 'n tweetalige snelskrif-tikster vir 'n vakante betrekking in die Ossewabrandwag en Voorslag kantore. Salaris volgens ondervinding. Dit word verwag dat die suksesvolle kandidaat 'n lid van die Ossewabrandwag moet wees. Doen aansoek by die **Stafhoof, Groote Kerkgebou 703, of Posbus 1411, Kaapstad.**
2/11/2

GELD

Jong Afrikaner-boer wat misoes gehad het moet £100 met rente vir twaalf maande leen voor 15 Desember of hy word uitverkoop. Ek is jonk getroud en moet vir my ouers sorg. Is bereid om goed geteelde Friese as sekuriteit te verskaf plus my O.B.-woord wat ek nog nooit verbreek het. Kan 'n wapenbroer asseblief help? Skryf aan **„Offisier", Posbus 1411, Kaapstad.**
30/11/2.

TE KOOP

Tee: Spesiaal gekweek, **suiwer, eerstegraad Cederberg-Rooibostee.**. Beroemd vir sy besondere **geur** en **voordeligheid.**. 10 lb. pakkies vir 28/6. (Posvry binne Unie). K.M.B.
Verpakker: **Teekoning, Citrusdal, K.P.**
7/12/8

MOTOREIENAARS!! PLAASBOERE!! AANDAG!! SPAAR!!! SPAAR!!! GELD!!

Waarom so baie geld spandeer aan nuwe batterye? Kry meer diens uit u ou battery. Wil dit nie krag hou of laai nie? Stuur dan posorder 8/- vir 'n behandeling waarmee ongeveer 4 batterye behandel word. Baie persone prys dit. **„Posbestellings", p/a J. Barnard (Haarkapper), Hoofstraat, Knysna.**
7/12/1

KERSFEES!! KERSFEES!!
Gee boeke as geskenke

(1) Paul Kruger en die Kruger-Museum opgestel deur P. A. Venter.
'n Waardevolle boekie vir mense wat in ons Volksgeskiedenis belangstel en die Kruger-Museum in Pretoria besoek. Prys 1/8 posvry.
Pryse van goeie gesonde boeke vir oues en jonges op aanvraag verkrygbaar.
Ook verkrygbaar nekdoekringetjies vir Volkspelers van egte Knysna stinkhou 2/3 elk posvry. Stuur asseblief posorders nie seëls nie. **„Posbestellings", p/a J. Barnard (Haarkapper), Hoofstraat, Knysna.**
7/12/1

IDEALE KERSGESKENK

BYBEL EN GESANGBOEK omslae van egte swartleer met pragtige ontwerpe o.a. die Voortrékkermonument, ens. Prys per stel d.w.s. Bybel en Gesangboek omslag plus 'n leer boekmerk en 'n sy boekmerk met Christelike teks word spesiaal nog verniet bygegee. Dit alles vir slegs 14/6 posvry. Kamerade!! Ek maak staat op u ondersteuning. **„Posbestellings", p/a J. Barnard (Haarkapper), Hoofstraat Knysna.**
7/12/1

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag!
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig.
21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

WATTELPALE EN SPARRE. — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling. 31/8/TK

IS U 'N REPUBLIKEIN?
Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM: .....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: .....

.....

.....

.....
Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Hoofkommandant J. A. Viljoen Heengegaan

Genl. H. A. J. du Toit, Fouriesburg, berig:

Op 8 Oktober is hoofkomdt. J. A. Viljoen heengegaan in die ouderdom van 52 jaar. Hy het vir ongeveer 18 maande swaar gely. Hy is op Fouriesburg ter aarde gestel. Hoofkomdt. Viljoen was 'n aantal jare in 'n besigheid hier plaaslik en later het hy hom op boerdery met sukses toegelê. Hy het groot respek afgedwing en was vir jonk en oud 'n voorbeeld.

Hy was 'n netjiese en aktiewe offisier. Hy het nooit sy verpligtinge laat links lê nie. In die jaar 1914 was hy as penkop met geweer saam met die Boere in die veld teen die Empire-regering. In 1938 was hy oortuig daarvan dat ons vryheid in sig is en was weer in aksie sonder geweer teen die Empire-regering.

Hy was eers sersant in die mediese afdeling van die plaaslike O.B.-kommando en in 1942 in die hewige stryd is hy bevorder tot Adjudant-Hk. van die generaalskap.

Hy het deeglike werk gedoen, het sy medebroer gehelp en beskerm en was baie beslis in sy optrede. Hy het ook in die publieke lewe sy deel gedoen en het gedien op verskillende besture en kommissies t.w. skoolkommissies, Reddingsdaadbond, Stadsraad, Dingaansfees en Kerkraad, eers as diaken en later as ouderling waar hy ook in diens gesterf het.

Vir die samelewing, ons Beweging en vir hierdie Generaalskap is sy heengaan 'n groot verlies.

'n Paar dae voor hy gesterf het, het hy sy dankbaarheid geuiter nl. dat hy deur die genade getrou gebly het aan sy eed en dat hy nie verraad gespeel het nie. Ons het vir hom blommetjies aangesteek toe hy dit nog self kon gehoor het, maar met hierdie skrywe wil ons net vir laas nog 'n kransie op sy graf lê vir troos en agting vir sy vroutjie en dogtertjie wat nou eensaam voel en vir ons vir wie hy waaragtiglik 'n opregte kameraad was.

Mag die Opperwese vir sy dierbares krag en genade gee.

Flukse Offisier Oorlede

Kommandant J. C. Coetzee van Thabazimbi skryf dat die dood van hoofkomdt. Danie Terblanche, wat na 'n kort siekbed van slegs 'n paar uur oorlede is, 'n onherstelbare verlies vir die kommando's is. Komdt. Terblanche was een van die



Wyle hoofkomdt. Danie Terblanche.

offisiere wat altyd bedrywig was en nooit sy pligte versuim het nie. Saam met sy eggenote, wat kommandante is, was geen opoffering vir hulle ooit te groot nie. Alle offisiersvergaderings is gereeld deur hulle bygewoon.

„Maar laat ons maar net sê: Kommandant, ons sal jou voorbeeld met al ons kragte probeer navolg."

Uitskopbeleid Bly Nog Teen O.B.'s Gehandhaaf

In die jongste uitgawe van Die Kruithoring, die strydblad van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, word die hele kwessie van lidmaatskap van die H.N.P. van Kaapland breedvoerig uiteengesit in die eerste van 'n reeks artikels oor die nuwe konstitusie van Kaaplandse H.N.P.

Voordat lidmaatskap van die H.N.P. verkry kan word, moet die aspirant-lid 'n proses deurgaan wat in drie stadiums verdeel kan word.

- Eerstens moet hy deur 'n persoon wat reeds lid is van die H.N.P. voorgestel word as lid op 'n taksvergadering van dio H.N.P.
- Tweedens moet hy deur die Wyksraad van die H.N.P. goedgekeur word as lid van die H.N.P.
- Derdens moet die aspirant-lid persoonlik sy naamtekening plaas op die ledelys van die H.N.P.

In hierdie verband kondig Die Kruithoring dringend aan: „Voor ondertekening van die ledelys moet die persoon se aandag gevestig word op die volgende onderneming daarin vervat, naamlik:

VERKLARING

„Ek verklaar hiermee dat ek die uitgesproke beginsels van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty omhels en sal handhaaf en verbind my uit vrye beweging en opregtelik om die verpligtinge aan die lidmaatskap van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Kaapland verbonde volgens konstitusie getrou na te kom en my te onderwerp aan die gesag en tug van die Party.

„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of van enige organisasie met 'n politieke strekking nie."

NET EEN

Afgesien van die verskillende politieke partye is daar in Suid-Afrika net een enkele organisasie wat deur die leiers van die H.N.P. tot „politieke" organisasie verklaar is, en dit is die Ossewabrandwag. **Op 3 Oktober 1941 het dr. D. F. Malan verklaar dat die Ossewabrandwag „'n politieke organisasie (is) wat op die terrein van ons Party sy eie weg bepaal." Dr. Malan het derhalwe „alle partylede dringend versoek om vir hierdie organisasie te bedank."**

NET AFRIKANERS

Die leiers van die H.N.P. het nog nooit die Party se Engelssprekende lede verbied om lede van die Sons of Engeland of die Caledonian Society te wees. Nog minder het die Partyleiers hul Joodse lede verbied om affiliasie te handhaaf met die Jewish Board of Deputies.

Die Afrikaanssprekende lede van die H.N.P. mag aan die Broederbond behoort — wat nie deur die Partyleiers tot politieke organisasie verklaar is nie. Maar Afrikaners wat O.B.-lede is mag nie lede van die H.N.P. wees nie, omdat dr. Malan reeds in 1941 die O.B. tot „politieke" organisasie verklaar het. **En opnuut op 23 November 1949 herinner Die Kruithoring die H.N.P. se besture en ampsdraers daaraan dat lede van die Ossewabrandwag — wat lede is van 'n „organisasie met 'n politieke strekking" — nie lede van die H.N.P. mag word nie.**

STIEFLEDE

Die rede waarom Die Kruithoring nou weer waarsku teen die opname van O.B.-lede in die H.N.P. is geleë in die onkonstitusionele praktyke wat deur sommige H.N.P.-takke beoefen word. Dit gebeur nl. soms dat besture van H.N.P.-takke uit eie beweging en vir stemdoeleindes die name van O.B.-lede op hul ledelyste plaas en dan doodluiters aan sodanige O.B.-lede vertel dat hulle nou weer aanvaar is as H.N.P.-lede.

Die reaksie van O.B.-lede op hierdie onkonstitusionele handelswyse van H.N.P.-besture is gewoonlik dat hulle O.B.-skap ewe min daardeur geraak word as wat dit geraak was enkele jare gelede toe hul name van dieselfde H.N.P.-lyste verwyder is.


Die reaksie van die H.N.P.-leiding daarenteen is dat takke die neergelegde beleid van die Party moet volg en nie moet probeer om dr. Malan se uitskop-bevel te omseil deur O.B.-lede as stief-lede by H.N.P.-takke aan te skakel nie.

Advertensie In Die O.B. Betaal

Mnr. C. D. Gerneke, Vryburg, skryf:

„Ek wil net byvoeg dat ek in u blad 'n tyd gelede 'n advertensie geplaas het vir 'n molwaentjie. Dieselfde advertensie het ek ook in 'n landboublad geplaas. Van laasgenoemde het ek net een antwoord ontvang, terwyl ek van eersgenoemde 'n stuk of tien ontvang het. Mooi so! En baie dankie!"

TE KOOP
Velskoene!



Almal met riem genaai. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding . . . . . 19/6.
Bruin of wit bo-leer met motorbandsole sonder hakke . . . . . 18/6.
Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN
SENDING-WINKEL
Goedverwacht, oor Moravia, K.P.

VERVOERDIENS
Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met
J. A. STRAUSS
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Persmenings:

Betekenis Van Duitse Herrysenis

Die herrysenis van Duitsland en die opname van die nuwe Wes-Duitse staat in die ry van Westerse volke is die onderwerp van 'n waarskuwende artikel in die jongste aflewering van die Jewish Herald. Dit beteken, sê die skrywer, „dat nugterheid baie beslis die toon begin aangee en dat die volke, nadat hulle gevare teen mekaar opgeweeg het, besluit het dat 'n sterk Duitsland 'n kleiner gevaar is as 'n oppermagtige Rusland."

„Dit is die betekenis van die besluit en niemand maak daarvan 'n geheim nie. Dis bekend aan die hele Europa en aan Amerika. Trouens handelinge op hierdie veronderstelling het vir etlike maande die politieke beslissing voorafgegaan. Beperkinge is reeds verwyder; die pers en propaganda is vrygemaak; die Duitse polisie is bewapen en is op byna militêre lees geskoei; en eindelik is daar 'n parlement gestig wat reeds al namens Duitsland politieke onderhandelinge in Straasburg en Parys gevoer het."

TWEE OU UITERSTES

Die skrywer meen dat die vernaamste gevolg van die herrysenis van Duitsland die nuwe opkoms van die twee ou uiterstes sal wees. „Die kommunistiese partye in die westerse lande, wat tot nog toe te staan gekom het teen 'n tanende liberalisme, wat nie bereid was om sy oortuigings tot die uiterste toe te verdedig nie, sal terstond te staan kom voor 'n nuwe Duitsland wat in die voorhoede veg vir Europese demokrasie."

„Byna onmiddellik sal die Europese state in die Weste die probleem om twee rigtings te ko-ordineer, moet oplos nl. gebruikmaking van Duitsland as een van die hoofvennote in die Wes-Europese verdediging; en behoud van hulle eie demokratiese stelsels teen die binnelandse aanslae van Regse en Linkse uiterstes."

JOODSE VREES

Ten slotte meen die skrywer dat die „Regse uiterstes" in die verskillende Europese lande nie onmiddellik met die „bedekte Nazisme" (dit is met Duitsland) sal skakel nie. **Maar hulle sal nie altyd hul afsydigheid handhaaf nie.** „Die de Gaullisme van Frankryk en sy verwante in ander lande sal baie gou hul afsydigheid prysgee wanneer dit duidelik word dat hulle 'n status kry en 'n rol gaan speel in die nuwe Europa; m.a.w. dat hulle opgeneem gaan word in die insluitende koalisie-regering wat aanstaande jaar hul verskyning in Europa gaan maak."

„En wanneer dit gebeur, sal dit die eerste knypie wees wat die Europese Jodedom aan sy liggaam gaan voel."

Aanval Weerlê Op Afrikaans

„Enigiemand wat kleinerend praat van Afrikaans is eenvoudig swak ingelig", skryf die „Man on the Spot" in sy daaglikse rubriek in die Cape Times na aanleiding van die artikel wat min. F. C. Erasmus onthul het. „'n Woord soos ‚stootskraper' dra geen spoor van 'n ‚onopgevoede dialek' nie"; en ‚ontruimeling' is die kulturele meerdere van ‚evacule'", skryf hy. Hy meen dat mens „tot in die oneindige voorbeelde kan aanhaal van die vaste grondslae en die vormende krag van Afrikaans."

Voorts skryf hy:

HOLLANDSE VOORBEELD

„As ek moet oordeel volgens die verslag van 'n sokker-wedstryd in 'n Hollandse koerant wat voor my lê het Nederlands oënskynlik geen beswaar daarteen om uit ander tale oor te neem wat dit nodig het nie:

„‚Klootwyk ontving van zyn halfback Watersloot, centre-de naar zyn left inner Dykwal, en dié shot een goal tegen de upright en in de net vlak tegen de goalie voorby.'

„Afrikaans verbied so 'n mengelmoes van tale. Dieselfde sin sal in Afrikaans lui:

„‚Klootwyk ontvang van sy skakel Watersloot, gee binnetoe aan na sy linker-binnespeler Dykwal, en dié skiet 'n doel teen die regoppaal en binne in die net langs die doelwagter verby.' Daar is geen anglisismes in hierdie sin nie."

Buitelandse Voorligting

In 'n hoofartikel op 29 November oor „die regering se inligtingsbeamptes" skryf Die Suiderstem na aanleiding van „die geweldige aanslae wat ons vyande in die buiteland by herhaling teen die Unie geloods het" dat „Suid-Afrika genoeg vir sy afhanklike volke doen in beskawings- en opheffingswerk om daardie aanvalle met feite te ontmoet en af te slaan."

Die blad vervolg:

„Maar as dit wil gebeur, dan moet daar anders te werk gegaan word as wat die regering en sy Staatsinligtingskantoor op die oomlik doen. Dr. Dönges is die Minister wat beheer het oor die Staatsinligtingskantoor. Hy is 'n geleerde man en hy het ook reeds in die buiteland gereis. Hy moet daarby bewus wees van die onkunde en vooroordele wat in die buiteland teen die Unie bestaan en as hy nou verstandig wil wees en Suid-Afrika wil dien, dan sou hy toegesien het dat van die beste joernaliste, reklame-beamptes, publisiteitsdeskundiges en persverteenwoordiges na oorsese lande gestuur word om die Unie se saak daar te gaan stel.

PARTYDIG

Ongelukkig is dit nie wat hy doen nie. Begin vanjaar is daar deur hom aansoeke gevra vir die aanstelling van inligtingsbeamptes vir die Unie oorsee. Na destyds verklaar is, is ongeveer 500 aansoeke ontvang en onder hulle was, na ons verneem, van die beste koerantmanne in die Unie. As dr. Dönges toe die ware belange van Suid-Afrika bokant kleinlike party-belange gestel het, as hy 'n ruimer blik gehad het en as hy die Unie wou voorberei om die aanvalle op hom met krag te ontmoet, sou hy die bestes onder daardie applikante uitgesoek en aangestel het.

Maar wat doen hy? 'n Hele aantal inligtingsbeamptes wat hy uitgesoek het, is reeds oorsee en so pas is aangekondig dat nog 'n drietal aangestel is. Met twee uitsonderings is almal wat aangestel is, afkomstig uit die redaksie-kantore van die H.N.P.-koerante. As hulle nog uit die boonste rakke van daardie blaaie gehaal is, as hulle byvoorbeeld ervare en bekwame redakteurs was of manne wat reeds bewys het dat hulle met oorsese diplomate, persverteenwoordigers en ander hooggeplaasdes op gelyke voet kan omgaan, sou 'n mens nog iets daarvoor te sê gehad het. Maar dit gebeur nie. Die manne wat aangestel word, is so onbekend as wat hulle onervare is."

Buiteland Swak Ingelig

„Die wêreldmening oor Suid-Afrika soos in die wêreldpers weerspieël, is grotendeels ongunstig", skryf Die Burger in 'n hoofartikel op 1 Desember. Dat hierdie mening in belangrike mate oningelig en in sommige gevalle kwaadwillig daarby is, verander aan die feit van die bestaan daarvan niks. Ons moet daarmee rekening hou in die besef dat so 'n vyandige wêreldmening vir Suid-Afrika in 'n hele reeks van rigtings praktiese nadele kan meebring, en dit in sommige rigtings wel reeds doen.

Teen kwaadwilligheid kan ons weinig uitrig. Maar waar 'n ongunstige mening omtrent Suid-Afrika 'n blote uitvloeisel van gebrek aan betroubare inligting is, kan en moet ons heelparty doen."

MOET KOM KYK

„Is dit nie tyd vir 'n uitnodiging aan verteenwoordigers van die oorsese pers om met hul eie oe te kom kyk wat in Suid-Afrika aangaan nie? Laat hulle as ons gaste kom en laat ons hulle wys wat ons het om te wys, en alles wat hulle self graag wil sien. Dit sou te veel wees om te verwag dat elkeen wat op hierdie manier na Suid-Afrika kom, 'n bevoegde en onbevooroordeelde waarnemer sal wees. Maar ons het genoeg vertroue in die pers van die Westerse wêreld (en dit is aan hierdie lande wat ons in die allereerste plaas dink) om te weet dat genoeg lede van so 'n geselskap in staat en bereid sal wees om objektiewe ontledings van die Suid-Afrikaanse posisie te publiseer in die pers wat hulle verteenwoordig, om die onderneming vir Suid-Afrika in alle opsigte die moeite en koste werd te maak."

„Ons voel dat so 'n gedagte genoeg moontlikhede inhou om ernstige oorweging te regverdig."

Biskop Dink Revolusionêr Oor Welsyn

Die biskop van Birmingham, dr. E. W. Barnes, het verlede week gesê dat die tyd vinnig aanbreek dat Brittanje sy minder geskikte burgers sal moet steriliseer sodat hulle nie kan voortplant nie. Soiets is onvermydelik in 'n „welsynstaat", het die biskop gesê.

Hy het beperking van die Britse volk in die algemeen bepleit deur stopsetting van immigrasie en die kweking van kleiner gesinne. In daardie proses moet net diegene van goeie kwaliteit toegelaat word om voort te plant.

- ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

Boerejeug

BYNA 200 MYL PER FIETS

Oor die naweek van 12 en 13 November het 'n paar van die Skiereilandse Boerejeug-seuns 'n kort fietstoer onderneem. Hulle het Bellville die Saterdagoggend vroeg met swaar gelaaide fietse verlaat. Na twee uur se lekker trap was hulle op Wellington. Die idee van die toer was om soveel moontlik van die kinders wat volgende maand na die Monumentfees gaan, te gaan besoek het. Die gevolg was dat hulle op Wellington 'n besige tydjie gehad het.

Elfuur die môre is die volgende skof aanvaar—oor Bainskloof. Dit het meer as 'n uur se sweet en swoeg gekos en die kafee bo op die berg was 'n welkom stilhou plek. Daarvandaan is hulle met „vlieënde vaandels" die berg af op pad Rawsonville-toe. Half-vier die middag was hulle op Oom le Roux se plaas.

Ook daar kon hulle nie lank vertoef nie en het kort daarna du Toitskloof gepak. Alles het goed gegaan tot by die tonnel; maar daarna . . . . Anderkant af was dit makliker en agtuur die aand was hulle in die Paarl. Na 'n aangename nagrus is die reis die volgende dag hervat—huis-toe.

Kenmerkend van die besoek was die geesdrif van die persone wat volgende week saam met die Boerejeug na Pretoria reis. Almal wil net daaroor gesels en vertel dat die tyd glad te stadig omgaan.

VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats verjaar gedurende die volgende week. Ons plaas ook die name van lesers wat verlede week oorgestaan het. Ons wens almal van harte geluk.

DESEMBER

3 Johan van Heerden, Rustenburg, Tvl.
Petronella van Heerden, P.k. Boshoek.
Mieta Kruger, Brixton, Johannesburg.
Adriaan Bezuidenhout, Kroonstad.

4 Elizabeth de Bruyn, Aliwal Noord.
Adriaan Bezuidenhout, Pretoria.

6 Ella Wolfaardt, Paarl.
Johan Lamprecht, Oudtshoorn.
Marius Hitge, Oudtshoorn.

9 Maria Kruger, Rustenburg.
Susanna le Roux, Frankfort.

10 Martha Erasmus, Oor Rustenburg.
Andries Visser, N. Paarl.

11 Hester Coertze, Vryburg.
Coenie Swanepoel, Paarl.

12 Katrina Cilliers, Luckhoff.
Magrieta van Zyl, Outjo, S.W.A.
Jan Botes, Jnr., Loxton.

13 Jannie Dykman, Paarl.
Thys van der Merwe, Malmesbury.
Maria Hanekom, Paarl.
Adriana Celliers, Beaufort-Wes.
Sarie Calitz, Oudtshoorn.
Mathews Nel, Oudtshoorn.

14 Jacobus Wium, Stellenbosch.
Jannie de Villiers, N. Paarl.
Elsa Wolfaardt, Paarl.
Frikkie Dreyer, Frankfort.

15 Hester Robertse, Oor Rustenburg.

16 Jan A. Wagener, Oudtshoorn.

Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."



Of 'n Spoorwegman nou ook al Hoofbestuurder, Kruier, Kok of Lokomotiefdrywer is, is hy steeds in die eerste plek 'n spoorwegman, bewus daarvan dat hy deel van 'n geweldige, ingewikkelde, en tog menslike organisasie uitmaak. Dit is hierdie één, eenvoudige gedagte wat vir u, die gebruiker van die Spoorweë, só veel beteken. Dit is die aansporing tot daardie ekstra beleefdheid, daardie ekstra diens wat u kry van spoorwegmanne wat trots op hul werk is, en van 'n organisasie wat trots op sy spoorwegmanne is.

S·A·S

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

DIENS LANGS DIE HELE LYN

Nie-Blanke Imperialisme Binne V.V.O.

Die besluite wat die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke verlede Vrydag geneem het insake nie-selfbesturende kolonies, word deur die Britse Ryk en ander koloniale moondhede as 'n ernstige uitdaging beskou. Die Vergadering het nl. besluit dat sy Komitee wat verslae nasien oor nie-selfbesturende kolonies nog vir drie jaar sal fungeer en dat die Komitee die reg het om vryelik die besturende moondhede te kritiseer. Roger Garreau (Frankryk) het gesê dat die Vergadering nou pogings aanwend om „Internasionale Beheer en Toesig" oor nie-selfbesturende kolonies in te stel.

Uit Londen word berig dat dit moontlik is dat die Britse Ryk die voortou sal neem in die skepping van 'n „verenigde front" van koloniale moondhede in die V.V.O. wat gesamentlik inmenging in hul huishoudelike sake sal bestry. Sodra mnr. Hector McNeil, Minister van Binnelandse Sake in Engeland terugkeer en verslag gedoen het aan die kabinet sal die regering besluit oor die wyse van optrede en sal Frankryk, Holland en België genader word met die oog op die skepping van 'n Verenigde Front.

OPENLIKE ERKENNING

Indien die Verenigde Front tot stand kom sal dit die eerste openlike erkenning wees van die kant van die Westerse moondhede dat die tyd aangebreek het om die nie-blanke imperialisme wat in die V.V.O. sy kop uitsteek to beveg. **Al meer en meer versink die V.V.O. bloot tot 'n „platform" vir die verteenwoordigers van nie-blanke volke om haat teen blankes aan te blaas en om verset teen blanke moondhede te propageer.**

Die Michael Scott-episode is 'n uitstekende illustrasie hiervan.

HAATKLAG

Nadat hierdie predikant van Sofiatown sy „haatklag" teen blank Suid-Afrika gelê het voor die Voogdykomitee van die V.V.O. het die nie-blanke S. Alexis van Haiti, wat byna tot trane bewoë was, daarop voortgeborduur en gesê: „Ons het die verskriklikste veroordeling aangehoor van 'n volk wat homself beskaaf noem"; en tewens gevra: „Gaan ons nie daadwerklik optree om te voorkom dat met hierdie misdade voortgegaan word nie?" Nadat die Suid-Afrikaanse afvaardiging hom aan die komitee onttrek het, het hierdie verteenwoordiger van Haiti — die land van opeenvolgende rewolusies — die mond vol gehad van „Suid-Afrika se gebrek aan 'n demokratiese gees".

IMPERIALISME

Die eis van die Voogdykomitee dat Suid-Wes onder die voogdy van die V.V.O. geplaas word verraai die opkomende nie-blanke imperialisme in die V.V.O. Die volgende uitlatings is betekenisvol: „Die V.V.O. wil 'n nuwe orde hê," en „Die wiel van die Verenigde Volke rol voort." „Diegene wat in die pad daarvan staan sal vermorsel word."

Geen wonder dat die Britse onder-minister van Buitelandse Sake in die Laerhuis die Scott-episode as 'n gevaarlike presedent bestempel het nie. **In ons land verdien en geniet die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, se verklaring dat hy Suid-Wes nie „vir die wolwe sal gooi nie" ongetwyfeld die steun van alle Suid-Afrikaners.**

Was Demokraties Solank Kampe Net Nazi's Bevat Het

Die Westerse demokrasieë het hul volke opgesweep om teen Duitsland te veg ten einde een van die groot demokratiese beginsels van persoonlike vryheid in daardie land te „herstel". In Hitler se Duitsland, so het dit gelui, word mense wat ander menings as dié van die regering daarop nahou, in konsentrasiekampe gestop. Dit was as so 'n verkragting van die demokrasie beskou dat demokrate 'n sesjarige wêreldoorlog moes aanknoop om daardie ondemokratiese manier van doen te gaan beëindig.

Maar wat gebeur toe? Die konsentrasiekampe van Buchenwald en elders is eenvoudig gehandhaaf. In plaas van Jode is daar toe Nazi's ingestop, en nou was alles in orde. Die demokrasie lewe, want daardie Nazi's word in die kampe aangehou om „heropgevoed" te word.

Byna vyf jaar lank het hierdie „heropvoedings" sy gang gegaan sonder dat 'n demokratiese haan ooit daarna gekraai het. **Maar 'n paar weke gelede het die Londense Times ontdek dat daar nie net Nazi's in hierdie kampe aangehou word nie, maar ook ander anti-kommuniste, en nou begin die blad belang te stel in die gruwele van die kampe.**

EERS „GEVANGENE-KAMPE"

Hy verklaar dat hierdie kampe oorspronklik deur die Russe oorgeneem was van die Nazi's as „gevangenekampe" met die oog op die „politieke heropvoeding" van Nazi's, maar dat daar in die jongste tyd ook nie-Nazi's heen gestuur is wat die kommunistiese bewind in Oos-Duitsland teenstaan, en dan onthul die blad die volgende skokkende toestande wat reeds **sedert 1945** in daardie kampe bestaan het, **maar waaroor hy en sy demokratiese kollegas nog steeds geswyg het omdat dit Nazi's was wat daarin „opgevoed" moes word:**

HELFTE DOOD

„Dit is waar dat drie kampe —die te Sachsenhausen, Buchenwald en Bautzen, wat berug was onder die Nazi-bewind—nog in gebruik is. . . . . Volgens onlangse berigte was daar altesame 36,000 mense in daardie kampe. Dissipline is streng, met eensame opsluiting as die straf vir selfs die geringste oortredings van die kampregulasies. Inwoners word met vergoeding in die vorm van sigarette aangemoedig om hul kampgenote te verklik.

„Weens oorbevolking van die hutte is tering algemeen in Sachsenhausen en volgens een skatting ly 80 persent van die inwoners aan die siekte. Daar word geskat dat ongeveer 50,000 mense sedert 1945 deur Sachsenhausen gegaan het. Van hulle het 26,000 in die kamp gesterf en 9,000 is na Rusland gestuur."

'N NAAM

Die Times verklaar dat die eerste minister van Oos-Duitsland, Grotewohl, hierdie kampe vergoelik het deur dit te beskryf as „veiligheidskampe". **„Die veiligheidskampe is inderdaad konsentrasiekampe onder 'n ander naam," merk die blad op sonder om agter te kom dat hy self hierdie konsentrasiekampe solank hulle vol Nazi's was, vergoelik het met die benaming „gevangenekampe vir politieke heropvoeding!"**

Vryheidsideaal Nou Samewerking Met Empire

Op 'n funksie van die H.N.P. se Jeugbond het dr. D. F. Malan verwys na Suid-Afrika se „vryheid". Nadat hy beklemtoon het dat ons die reg het om buite 'n oorlog te bly en om vir niemand te vra as ons 'n republiek wil word nie, het hy die volgende vrye vertolking gegee van wat op die onlangse premierskonferensie van Statebondslande plaasgevind het:

„Op die premierskonferensie wat ek in Londen bygewoon het, is die standpunt ingeneem dat enige lid van die Statebond 'n republiek kan word en dan nog op vriendskaplike voet sal verkeer en vry sal wees om met die Statebondslande saam te werk."

Wat republikeine natuurlik na strewe is nie om „vry te wees" om met die Statebondslande „saam te werk nie", dog om vry te wees om NIE met hulle saam te werk nie wanneer dit in Suid-Afrika se belang is. Die reg om met ander lande saam te werk is geen eienskap van vryheid nie—elke kolonie het daardie „reg" soos die baie koloniale grafte op Britse slagvelde getuig. **Maar dit is wel 'n eienskap van vryheid om nie saam te werk nie wanneer dit 'n land pas.**

BINNE EMPIRE

Wat dr. Malan aan sy jeugdige volgelinge weergegee het omtrent die gebeure op die Londense konferensie strook nie heeltemal met die feite nie, **vandaar blykbaar die poging om 'n ander betekenis aan die woord vryheid te gee.**

Wat inderdaad daar besluit is, is dat INDIË 'n republikeinse regeringsvorm kan aanneem SONDER OM DIE BRITSE KONNEKSIE TE VERBREEK. Die Britse koning word deur Indië nog erken as „die hoof van die Statebond."

Maar wat meer is, Suid-Afrika —in teenstelling met Indië—het nie hierdie weg van skynrepublikanisme gevolg nie. **Dr. Malan het saam met die res van die Empire-lande 'n verklaring onderteken ten effekte dat „die grondslag van hul lidmaatskap nie verander word nie".** En aan hierdie verklaring het dr. Malan in die parlement (volgens Hansard No. 15) toegevoeg:

EMPIRE-BANDE VERSTERK

„Wat hier gedoen is, is nie gedoen tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag, en die indruk wat die wêreld sou gekry het is nou verwyder, naamlik dat die Statebond besig is om te verbrokkel. **Die eenheid van die Statebond, en daarmee sy krag en mag in die wêreld, is behou geword, en ek wil sê, is versterk geword. . . .** Op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar, en dit is **dat ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly,** om redes wat ek genoem het."

In bostaande uiteensetting van dr. Malan is geen sprake van blote „op vriendskaplike voet verkeer" of „vryheid" om saam te werk nie. **Die Empire-bande is sedert die Londense konferensie—in die woorde van dr. Malan self—„versterk."**

MAKLIKE IDEAAL

Maar ons neem aan dat die Jeugbonders in elk geval rustiger sal slaap nou dat hulle verneem het dat Suid-Afrika sonder inspanning en met behoud van alle vriendskapsbande die „vryheid" kan verkry om met die

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)

Empire saam te werk. **Dit is tog immers 'n soveel makliker „vryheidsideaal" as dié om die Britse konneksie te verbreek,** waarna dr. Malan in 1941 verwys het toe hy die volk toegeroep het.

„Verbreek die Britse konneksie, bring die Afrikaners byeen, stig 'n republiek. . . " (In die Kaapstadse stadsaal, 5 Maart 1941, volgens Die Burger.)

MOEILIKE VRAE VIR BRITTE OM TE BEANTWOORD

„'n Toetsvraestel vir moraliste" is onlangs opgestel deur die Britse blad Union met die belofte dat enigiemand wat dit maklik vind om die vrae te beantwoord in die guns van die Geallieerdes en Jode, by die redakteur aansoek kan doen om 'n vergulde stralekrans wat by alle openbare geleenthede gedra kan word. Die vrae lui:

- **Wat is die verskil tussen die bombardering van Oran deur die Britse vloot in Junie 1940 sonder 'n oorlogsverklaring aan die Vichy-regering van Frankryk en die bombardering van Pearl Harbour deur die Japannese lugmag in Desember 1941 sonder 'n oorlogsverklaring aan Amerika?**
- **Waarom is Tojo opgehang omdat hy die bombardering van Pearl Harbour beveel het, terwyl dit vir Brittanje as betaamlik gehou is om Oran te bombardeer?**
- **Wat is die verskil tussen die bombardering van Rotterdam en Warskou deur die Duitsers ten einde die laaste weerstand van die Hollanders en Pole binne 'n paar dae te breek en die atoombombardering van Hirosjima en Nagasaki ten einde die weerstand van die Japanners te breek?**
- **Wat is die verskil tussen die oorgawe van maarskalk Petain aan die Duitsers in Junie 1940 en dié van maarskalk Badoglio aan die Geallieerdes in Junie 1943?**
- **Waarom verkwyn Petain in 'n eilandtronk weens sy optrede, terwyl Badoglio nog op vrye voet verkeer?**
- **Wat was die verskil tussen die Franse eis om uitlewering van Laval, 'n voormalige eerste minister van Frankryk, deur Spanje waarheen hy gevlug het, en die eis van die Spaanse regering om die uitlewering van Negrin, 'n voormalige eerste minister van Spanje, deur Frankryk waarheen hy gevlug het na die Spaanse burgeroorlog?**
- **Waarom het Franco Laval uitgelewer, terwyl Negrin nog steeds die reg van 'n vlugteling geniet ten spyte van die afgryslike misdade teen die mensheid van die regering waarvan hy die hoof was?**
- **Wat is die verskil tussen die massa-slagting van die Tsjeggiese inwoners van die dorp Lidice omdat hulle die moordenaars van Heyderich weggesteek het en die massaslagting van die Arabiese inwoners van die dorpie Deir Yassim naby Jerusalem?**
- **Wat is die verskil tussen die honderdduisende Jode wat uit Duitsland gevlug het na die bewindsaanvaarding van Hitler en dieselfde aantal Arabiere wat uit Palestina gevlug het sedert die tot standkoming van die staat Israel in daardie gebied?**
- **Waarom is 'n groot internasionale organisasie gestig om hulp te verleen aan die Joodse vlugtelinge uit Duitsland, terwyl niks of weinig van die Arabiese vlugtelinge medelye of hulp in belang uit Palestina verleen word nie?**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.